

3 Januarie

Genesis 2:8-25

Om te dien

Godsdiens...

Ons hoogste lewensroeping is: *Godsdiens*.

Ons beperk godsdiens gewoonlik tot Bybellees, gebed, erediens bywoon.

Kortom, allerlei kerklike en "geestelike" bedrywighede. Gods Woord sê egter vir ons so mooi wat Godsdiens werklik is.

Genesis 2:8 en 15:

"Die Here God het toe 'n tuin in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het daar laat woon. ...Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas".

Wat het ons hier?

Drie dinge:

Die *Here God*: Skepper en Eienaar van alles.

Die *mens*: Kroon van God se skepping.

Die *tuin*: Terrein vir die koms van die koninkryk van God.

En wat gebeur toe by die begin van die koms van die koninkryk?

Dit: Hierdie God neem hierdie mens van Hom in sy aangeplante tuin in diens: GODSDIENS.

Dit is: Om God te dien, nie eenkant, "geestelik" in afsondering nie, maar in die tuin tussen die bome en by die water, graaf in die hand, aan die werk!

Godsdiens omvat elke aspek van my lewe van elke dag.

U sê: Maar die sonde maak my so lam en lui en die tuin is so oorgroei van die onkruid!

Daarom des te meer: Om Godsdiens te beoefen is om op te bou en reg te maak en mooi te maak. Juis daartoe het Jesus Christus in my lewe in gekom. Môre dink ons daaroor verder na.

Sing Psalm 2:6

Ds. D. Postma (Frankfort)